191.Pa.1(6)

(B-Program, Sondagaand, 6 April 1947, 8.10-8.28).

DIE VAN RIEBEECK-VERENIGING.

Deur Prof. H. B. Thom.

(Universiteit van Stellenbosch).

--ooOoo--

Vandag herdenk ons weer een van die betekenisvolste gebeurtenisse uit ons geskiedenis. Op 6 April 1652 - dus presies 295 jaar gelede - het Jan van Riebeeck in Tafelbaai aangekom om 'n blanke volksplanting hier te stig. Dit was 'n geringe, nietige begin, maar dit was lewensvatbaar en het op die duur seker die stoutste verwagtinge van selfs die stoutmoedigste tydgenote ver oortref.

Ons het dus goeie rede om vandag 'n oomblik stil te staan en aan die nagedagtenis van ons Volksplanter hulde te bring. Ons eer sy naam op verskillende maniere. Ons hou godsdienstige byeenkomste en ander funksies, en ons gee sy naam aan inrigtings en verenigings in ons land - alles met die doel om sy onvergeetlike stigtingswerk in dankbare en besielende herinnering te hou.

Oor een van hierdie verenigings, 'n vereniging wat op ons belangstelling besondere aanspraak maak, wil ek vanaand praat, nl. die Van Riebeeck-Vereniging.

Die Van Riebeeck-Vereniging lê hom daarop toe om, soos sy konstitusie lees, „ seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suid-Afrika te druk, of te herdruk." In ander lande, b.v. Engeland, Nederland, Amerika, Kanada en Australië, bestaan daar ook sulke verenigings, en onder hierdie buitelandse verenigings is waarskynlik die Engelse Hakluyt Society en die Nederlandse Linschoten-Vereniging die bekendstes.

Net soos hierdie twee verenigings vir Engeland en Nederland doen, wil die Van Riebeeck-Vereniging vir Suid-Afrika interessante

en leersame dokumente opdiep en in ruimere kringe van die volk beskikbaar stel. Die spore van die volksverlede, wat gewoonlik gevaar loop om in die dryfsand van vergetelheid te vervaag, en eindelik selfs heeltemal te verdwyn, help die Van Riebeeck-Vereniging deur sy publikasies vir die nageslag vaslê. Aldus wakker hy belangstelling en liefde vir ons verlede aan; dra hy sy deel daartoe by om die diepere wortels van verskynsels, instellinge en families in ons kultuurbodem bloot te lê; en help hy om 'n gesonde geestelike agtergrond en ewewig te kweek by almal wat Suid-Afrika as hulle vaderland liefhet.

Die Van Riebeeck-Vereniging het in 1918 ontstaan. Die gebeurtenisse wat tot die stigting daarvan gelei het, lê egter nog 'n paar jaar verder terug. In 1913 het die Trustees van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad deur bydraes van private persone 'n fonds gestig om daardie bekende ou Stellenboschse dokument, die Dagboek van Adam Tas, uit te gee wat kort tevore in die Biblioteek ontdek was. Toe Adam Tas verskyn het, en daar nog heelwat van die fonds oorbly, het die Trustees besluit om 'n Franse stuk uit die Kaapse Argief, t.w. baron A. van Pallandt se beskrywing van die Kaap in 1803, te laat vertaal en uit te gee. En selfs nadat dit gebeur het, was daar nog die aansienlike sommetjie van £159. 5. 7. oor.

Nou het die Trustees aan iets blywends begin dink: kon daar nie moontlik 'n permanente liggaam in die lewe geroep word om waardevolle Suid-Afrikaanse historiese stukke uit te gee nie? Veral drie manne het hulle hiervoor beywer: mnr. A. C. G. Lloyd, jarelank bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek en tans woonagtig in Engeland; wyle minister J. W. Jagger; en die bekende ou Kaapse eerste-minister, wyle John X. Merriman. Hulle het 'n permanente vereniging in gedagte gehad, en die naam, reëls en organisasie daarvan bespreek.

Eindelik was die nodige voorbereidingswerk voltooi. Op 29 Augustus 1918 vind die stigtingsvergadering van die V.R.V. in die Raadkamer

van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek plaas. Op voorstel van mnr. Jagger, gesekondeer deur senator Anthonie Viljoen, neem mnr. Merriman die leiding op die vergadering. Hy gee 'n uiteensetting van die doel van die voorgestelde vereniging, en onmiddellik daarna kry die Van Riebeeck-Vereniging sy beslag. In die notule lees ons: „ Mr. Jagger then moved that the Company present should form themselves into 'The Van Riebeeck Society for the publication of South African Historical Documents'." Dit word goedgekeur, en daarna lees mnr. Lloyd die voorgestelde reëls van die Vereniging voor, wat aangeneem word en, behoudens enkele aanvullings, vandag nog staan. Vervolgens word mnr. Merriman tot president of voorsitter en mnr. Lloyd tot ere-sekretaris en tesourier van die Van Riebeeck-Vereniging gekies. Ook benoem die vergadering verdere bestuurslede: prof. E. A. Walker, mnr. (tans dr.) C. Graham Botha, sir Maitland Park en mnr. (tans dr.) J. G. van der Horst.

Só is die Van Riebeeck-Vereniging in die lewe geroep. Vyftien mense was op die stigtingsvergadering teenwoordig. Die kapitaal van die Vereniging het £159. 5. 7. bedra, d.i. die som wat die Trustees van die Openbare Biblioteek aan die bestuur oorhandig het.

Uit hierdie klein begin het die Vereniging trapsgewyse gegroei en ontwikkel. Die ontwikkeling was nooit skouspelagtig nie, maar dit was gestadig en bestendig en miskien juis daarom gesond. Nog in die stigtingsjaar, 1918, het die eerste werk onder die naam van die Van Riebeeck-Vereniging verskyn, die Rapporte van De Chavonnes en Van Imhoff, 'n klein bandjie van 154 bladsye wat teen 5/- verkoop is, maar vandag so skaars geword het dat 'n mens maklik tot £15 daarvoor kan kry. Die jaar daarop is Mentzel se biografie van kapt. Rudolph Alleman uitgegee; daarna De Mist se bekende Memorie; en vervolgens het die een deel na die ander die lig gesien, tot vanjaar toe, toe Goldswain se „ Chronicle" as deel No. 27 deur mevr. Colin Gill besorg is.

In die sewe-en-twintig dele wat daar verskyn het, tree ons op die spore van die verlede en sien ons interessante tonele van vergange se dae voor ons oog verbytrek. Ons kyk saam met De Chavonnes en Van Imhoff op toestande aan die Kaap toe die land nog maar jonk was; ons slaan die lewe van kapt. Alleman gade en kry daaruit 'n beeld van toestande in ons land teen die middel van die agtiende eeu; ons volg die verligte denkbeelde van De Mist waar hy planne beraam om die Kaap beter en verstandiger te bestuur; ons sit saam met Willem Stephanus van Ryneveld in sy studeerkamer waar hy 'n eerste Landboudepartement vir Suid-Afrika ontwerp; ons word beetgepak deur die verbasende lotgevalle van Nathaniel Isaacs en dr. Andrew Smith in ons wrede, donker binneland; ons volg ook Louis Trigardt op sy worstelweg oor die rotsgevaartes van die Drakensberge; en ons staan ook ontroerd saam met sendeling Owen buite Oemkoengoenhlowo en aanskou anderkant op Hlomo Amaboeta hoe Retief en sy manne die marteldood sterf. Oor hierdie en nog baie ander treffende tonele uit ons kleurryke geskiedenis laat die werke van die Van Riebeeck-Vereniging vir ons die gordyn opgaan. Wie vandag 'n volledige stel van hierdie uitgawes besit, besit voorwaar 'n seldsame en kosbare boekeskat.

Nie slegs wat uitgawes betref nie, maar ook wat ledetal betref, het daar gestadige vooruitgang gekom. Die Vereniging het met vyftien lede begin, maar in die tweede jaar van sy bestaan, 1919, was daar reeds 91 lede, en in die volgende jare het die ledetal byna sonder uitsondering gestyg: tot 182 in 1920; 547 in 1930; 650 in 1940; en 750 in 1946. En die vermeerdering van die ledetal het 'n ooreenstemmende vermeerdering van fondse meegebring, want die Vereniging kry sy fondse hoofsaaklik uit ledegelde. Die gevolg was dat die Vereniging sy finansiële verpligtinge, wat vanweë die verhoogde drukkoste veral in die afgelope jare baie hoog gestyg het, nog altyd met sukses kon nakom, en dat die Bestuur ook op die onlangs gehoue algemene Jaarvergadering van 'n gunstige finansiële staat kon rapporteer.

Die sewe-en-twintig uitgawes wat tot nou toe die lig gesien het, het tesame sowat £8,700 gekos, en hierdie bedrag het die Vereniging sonder enige hulp van buite byeengebring.

Ook wat die versorging van uitgawes betref, het daar vooruitgang gekom. Die eerste paar publikasies was feitlik niks anders as herdrukke nie, - dit sal iedereen sien wat daarna kyk. Die nuwere uitgawes is egter - op enkele uitsonderings na - wetenskaplike publikasies, voorsien van die nodige inleiding, voetnote en ander toeligting. As wetenskaplike bronnepublikasies kan hierdie jongere uitgawes van die Van Riebeeck-Vereniging seer seker hulle plek met waardigheid inneem langs die uitgawes van ouer suster-verenigings soos die Hakluyt Society en die Linschoten-Vereniging.

En nou, vandag, staan die Van Riebeeck-Vereniging voor 'n groot en moeilike taak. Hy gaan voort met sy gewone werk om elke jaar 'n nuwe uitgawe te besorg, maar daarby het hy hom voorgeneem om in 1952, wanneer die derde eeufees van Van Riebeeck se koms na die Kaap gevier sal word, 'n volledige uitgawe - met Engelse vertaling - van die ou Kaapse Dagregister uit Van Riebeeck se tyd te publiseer. ~~In hierdie Dagregister - wat populêr as Van Riebeeck se Dagboek bekend geword het maar in werklikheid 'n amptelike stuk van die Kaapse fort is - volg ons die Stigter op sy voetepoer en sien ons hom van dag tot dag waar hy met sy stigtingswerk besig is.~~ Ons sien hom waar hy sweeg en sweet en worstel om hongersnood af te wend; ons sien hom waar hy versigtig en taktvol opstandige vryburgers tot vrede en vriendskap bring; en ons sien hom ook waar hy met kinderlike blydskap die eerste ertjies en kool van die sanderige Kaapse grond oes. Ons sien hom bowealles as boumeester, boumeester aan 'n groot, blywende bouwerk, - iets wat hy self nooit sou sien nie maar hom vir die nageslag onsterflik sou maak.

Die uitgawe van hierdie Dagverhaal is egter 'n enorme taak. Die stuk beslaan 'n paar duisend bladsye, die uitgawe sal

duisende ponde kos, en die moeilikhede daaraan verbonde is legio. Maar die Bestuur van die Van Riebeeck Vereniging het die taak aangedurf, en onder die leiding van sy simpatieke voorsitter, oud-regter-president H. S. van Zyl, is hy vasbeslote om dit met welslae te volvoer.

Die Vereniging voel egter dat hy meer belangstelling en medewerking van die kant van die volk moet kry. Baie mense dink nog dat die Van Riebeeck-Vereniging 'n soort van halfgeheime organisasie is waaraan slegs 'n klompie uitverkorenes mag behoort. Dit is geensins die geval nie. Iedereen kan lid word. 'n Mens skryf net aan die Ere-Sekretaris, p/a Openbare Biblioteek, Kaapstad; jy betaal 'n geringe ledegeld; jy word lid en deel in die voorregte. Dit is juis die beleid van die Bestuur om die Vereniging onder die volk in te dra, en ondersteuning van die volk daarvoor te verkry.

Veral op 'n dag soos hierdie - Van Riebeeckdag - het die Van Riebeeck-Vereniging reg om tot die volk te spreek. Soos ons Stigter is die Van Riebeeck-Vereniging 'n baanbreker op sy gebied in ons land; soos ons Stigter doen die Van Riebeeck-Vereniging werk van blywende aard; en soos ons Stigter bou die Van Riebeeck-Vereniging vir die nageslag. Deur sy werke het die Van Riebeeck-Vereniging alreeds gehelp om ons ereskuld aan ons onverskrokke Grondlegger te betaal, en deur die publikasie van die Dagverhaal hoop die Vereniging om dit in nog groter mate te doen.

==========